JEUGBELEID/ YOUTH POLICY

	INHOUD	*INDEX*
1	JEUG AKSIE	*YOUTH ACTION*
1.1	DEFINISIE VAN "JEUG"	*DEFINITION OF "YOUTH"*
1.2	DOELSTELLINGS	*OBJECTIVES*
1.3	DOELWITTE	*AIMS*
2	DIE JEUGRAAD	*THE YOUTH BOARD*
2.1	BESTUUR VAN DIE JEUGRAAD – MENTORSKAP	*MANAGEMENT OF THE YOUTH BOARD: MENTORSHIP*
2.2	VERKIESING VAN DIE JEUGRAAD	*ELECTION OF THE YOUTH BOARD*
2.3	PLIGTE VAN DIE JEUGRAAD	*DUTIES OF THE YOUTH BOARD*

MISSIE

Om lewenslange trots, betrokkenheid by en waardering vir die SA Boerperd as ras te kweek.

VISIE

Die *opvoeding* van ons jeug as aktiewe lede van die SA Boerperd Genootskap d.m.v. die *sosiale* interaksie wat bewerkstellig word deur die Jeugraad as rolmodelle.

1. JEUG AKSIE

1.1. DEFINISIE VAN "DIE JEUG"

Die Jeug as aksie in die SA Boerperd Genootskap word in hierdie skrywe gedefinieer as alle aktiewe SA Boerperd ruiters van alle ras/taal en geslag onder 19 jaar wat sinvol by jeugaktiwiteite kan inskakel.

1.2. DOELSTELLINGS

Die primêre doelstelling vir die jeug is om die hulle te begelei en te bemagtig om aktiewe, positiewe en ingeligte junior lede van die SA Boerperd Genootskap te wees. Hierdie primêre doelstellings kan opgebreek word in die volgende sekondêre doelstellings:

(1) Sosiaal en
(2) Opvoedkundig

1.2.1 Sosiaal

1.2.1.1 Om 'n samehorigheidsgevoel onder die jeug te bewerkstellig;
1.2.1.2 Om positiewe kommunikasie tussen die jeug onderling, sowel as die bestuur te fasiliteer;

1.2.2 Opvoedkundig

1.2.2.1 Om die jeug, vanuit en d.m.v. skakeling met hulle mentors en die Jeugraad, op 'n kontinue wyse te ontwikkel deur hulle ingelig te hou en ook soms te betrek by besluitnemingsprosesse waar hulle as leiers van die toekoms waardevolle bydraes kan lewer;
1.2.2.2 Om 'n trots vir die SA Boerperd as ras in geheel en sonder onnodige vooroordele te bewerkstellig;
1.2.2.3 Om die beeld van die SA Boerperd op 'n positiewe wyse in die buitewêreld uit te dra en sodoende ook die ras op alle vlakke, kompeterend en nie-kompeterend, te bemark.

1.3 DOELWITTE

Bogenoemde breë doelstellings kan op sistematiese wyse en d.m.v. die volgende haalbare doelwitte stap vir stap nagestreef en bereik word:

1.3.1 Sosiaal

1.3.1.1 Om 'n samehorigheidsgevoel tussen mense te kan bewerkstellig, is dit nodig dat alle deelnemende partye besef dat hulle 'n gemeenskaplike doelwit nastreef. Om dit te kan doen, is dit nodig dat die jeug op 'n gesonde wyse sal kompeteer, maar ook daarna as vriende kan sosialiseer. Daar moet dus vir die jeug die geleentheid geskep word om tydens elke streekkampioenskap:

- Informeel en apart van volwassenes te kan sosialiseer bv. d.m.v. 'n braai, fliek, ysskaats, ens.
- Voorstelle van die Jeugraad en hulle mentors te kry in die verband.
- Indien daar borge verkry word, mag 'n kamp aan die einde van elke jaar (bv. by Moolmanshoek) die geleentheid bied vir 'n gepaste afsluiting van 'n besige jaar.

1.3.1.2 Die beplanning van alle aktiwiteite en interaksies, gaan met noodwendige kommunikasie gepaard. Die jeug kommunikeer d.m.v. die nuutste tegnologie en daarom sal kommunikasie ook op die basis moet plaasvind. Die volgende kan daarvoor gebruik word:

- 'n geslote *Facebook* blad net vir die Jeugraad en mentors om hulle kommunikasie en \
- beplanning oor afstande te vergemaklik;
- 'n *Facebook* blad vir die Jeug en Jeugraad waar almal hulle sê kan sê. Die blad sal ook

- sorgvuldig deur die bestuur van die jeug gemonitor moet word om te keer dat onverantwoordelike of negatiewe kommentaar gepos word;
- *WhatsApp* groepe vir provinsies, Jeugraad en mentors. Die jeug kan hulleself op ’n natuurlike en sinvolle wyse groepeer.
- Die bestuur en Jeugraad moet sorg dat alle kommunikasie vir sover dit hulle kan bereik, gesond bly.

1.3.2 Opvoedkundig

1.3.2.1 Om die leierskap in die Jeugraad te ontwikkel, kan die Raad sekere projekte aan die Jeugraad opdra en hul menings inwin in veral sake wat die jeug as leiers van die toekoms raak. Ons sal daarom ’n instelling daarvan wil maak dat die beoordelaars van elke streekskou ’n geleentheid het om met die jeug te skakel om die beoordelingstelsel en wat van hulle verwag word (veral in klasse aan ouderdomme onder 19 gekoppel), aan hulle te verduidelik. Dit kan verskeie vorms aanneem, bv.

- ’n inligtingsessie voor die skou begin waar ruiters die kans kry om vrae aan die
- beoordelaars te vra, of
- ’n opvoedkundige gesprek met die beoordelaars na afloop van die skou waar hulle die
- algemene foute wat gemaak is met die ruiters in ’n groep bespreek sodat almal uit mekaar se foute kan leer, en/of
- inligtingsessies oor enige perdesport dissiplines met gassprekers.

1.3.2.2 Kennis van die ras spesifiek kan tydens die sosiale byeenkoms vir die jeug by streekskoue deur kundiges in ons genootskap in ’n kort rukkie bv. 30 minute, kennis van ons ras aan die jeug oor te dra op ’n vlak wat hulle verstaan. Hierdie onderwerpe kan onder meer die volgende insluit:

- Konformasie en die doel van keuring;
- Verskillende tipes beweging en gange van die SA Boerperd;
- Ooreenkomste en verskille tussen tradisionele en universele perde;
- Verskillende dissiplines in ruiterskuns;
- Beoordelaars-prosedures
- Dokumentasie en stelsels.

1.3.2.3 Om die SA Boerperd in die buitewêreld te bemark, is reklame en advertensie is van kardinale belang vir enige ras en besigheid. Daarom is dit goed as die jeug aangemoedig word om hulle perde en prestasies binne- en buite die Genootskap met die publiek te deel, bv. deur:

- formele of informele foto’s van hulle en hul perde aan relevante media voor te lê vir plasing waarin die ras spesifiek vermeld word as SA Boerperd;
- die stuur van artikels aan relevante tydskrifte wat vir plasing oorweeg kan word (die bestuur van die jeug sal natuurlik help daarmee);
- oral te vertel waarom hulle juis ‘n SA Boerperd ry en trots is daarop;
- SANESA.

2. DIE JEUGRAAD

2.1 BESTUUR VAN DIE JEUGRAAD: MENTORSKAP

Elke ruiter wat tot die Jeugraad verkies word, het ondersteuning van volwassenes in sy/haar nabye omgewing nodig. Daarom word een / meer *mentors* uit elke streek/klub aangewys of deur die Jeugraad genomineer spesifiek hiervoor. Die Jeugraad mentors lewer dan 'n ondersteunende diens met 'n gesamentlike doelstelling vir elke jaar aan die Jeugraad. Daar word met die *mentors,* sowel as die Jeugraad gekommunikeer deur 'n Raadslid, of 'n persoon deur die Raad gekoöpteer vir hierdie taak. Die doel van mentors is nie om die take van die Jeugraad oor te neem nie, maar om hulle te begelei en te bemagtig om leiding te kan neem.



2.2 VERKIESING VAN DIE JEUGRAAD

Die Jeugraad word op grond van hulle provinsies verkies. In groter provinsies, kan tot 4 jeugraadslede verkies word. Onder 19 ruiters word in hulle provinsies genomineer en d.m.v. stemming verkies met die betrokke jeug-mentor as sameroeper. Na afloop van die proses, word verkose lede se name aan die betrokke Raadslid deurgegee en bekend gemaak.

- Jeugraadslede moet 18 wees tot aan die einde van die betrokke skoujaar. Dit gee geleentheid vir enkele lede om steeds verkiesbaar te wees nadat hulle matriek geskryf het.
- Indien 'n lid verkies is tot die Jeugraad, sal hy/sy op die Jeugraad bly tot op 18 jarige ouderdom, of tot die lid bedank. Op hierdie wyse word kontinuïteit bewerkstellig.
- Wanneer lede die Jeugraad verlaat, word nuwe lede in hulle plek verkies.

2.3 PLIGTE VAN DIE JEUGRAAD

Die rol van die Jeugraad is om as spreekbuis vir die jeug in die genootskap op te tree, asook met hulle te skakel. As rolmodelle wat reeds die SA Boerperd Ruiterkuns span gehaal het, kan hulle ook die jonger of minder ervare jeug bystaan met raad en daad.
Ander pligte:

- Ambassadeurskap (in die buite-wêreld)
- Kommunikasie (in hulle provinsie en op Facebook en WhatsApp)
- Die reël van 'n jeug-byeenkoms by streekkampioenskappe
- Skakeling tussen Raad en Jeug
- Ontwikkeling van leierskap.

OPSOMMING

JEUGAKSIE

SOSIALE INTERAKSIE

1. Samehorigheid	o Informele sosialisering: jeug-braai by streekkampioenskappe
	o Beplanning van ander informele aktiwiteite
	o Kamp aan die einde van die jaar

2. Kommunikasie	o *Facebook* vir Jeugraad alleen
	o *Facebook* vir die jeug
	o *WhatsApp vir Jeugraad besprekings*
	o *WhatsApp vir Mentor besprekings*

OPVOEDKUNDIGE INTERAKSIE

3. Ontwikkeling van leiers en ruiters	o Projekte vanaf die Raad aan Jeugraad
	o Versoeke vanaf die Jeugraad aan die Raad
	o Inligtingsessies by streekkampioenskappe deur beoordelaars
	o Ander inligtingsessies oor perdry-dissiplines

4. Kennis van die ras	o Konformasie & Keuring
	o Beweging & gange
	o Tradisioneel vs. Universeel
	o Verskillende dissiplines in ruiterkuns
	o Beoordelaars-prosedures

5. Die SA Boerperd in die buite-wêreld	o Foto's in tydskrifte
	o Artikels in relevante publikasies
	o Vertel en adverteer mondelings
	○ SANESA